

## **Landbou, Vrydag, 15 Augustus 2014**

### **Kanola van krag tot krag**

**Deur: Franco le Roux**

Kanola is vir die eerste keer in 1992 aangeplant in die Wes-Kaap se kleingraanproduserende gebiede met die doel om 'n alternatiewe wisselbougewas te wees.

In die beginjare was die aanvanklike groei baie stadig en die oppervlakte en opbrengste redelik stabiel tot in die laat 2000's. Sedert 2010 het die oppervlakte onder kanola egter sterk toegeneem en word dit tans gesien as 'n volwaardige kontantgewas in die Wes-Kaap wat kan kers vashou met koring en gars ten opsigte van winsgewendheid.

Met tyd het die kennis oor kanola-verbouing onder plaaslike toestande ook toegeneem – dít tesame met verbeterde kultivars en nuwe toerusting wat meegebring het dat beter gemiddelde opbrengste oor die laaste paar seisoene verkry is.

Vir die 2014-seisoen is die voorlopige raming in die omgewing van 85 000 ha.

### **Kanola as wisselbougewas**

Kanola dien as die ideale wisselbougewas in die Wes-Kaap aangesien hy in die meeste grond en onder toestande waar koring presteer ook baie goed vaar. Dit is 'n breëblaargewas wat die produsent meer opsies bied as dit kom by onkruidbestryding in sy wisselboustelsel van hoofsaaklik grane.

Daar is ook navorsing wat bewys dat die koringopbrengs ná kanola aansienlik beter is as wanneer koring in monokultuur verbou word. Kanola pas ook baie goed in by koring en gars in wisselbou aangesien dieselfde toerusting gebruik word.

Dus word die tydperk waarin 'n produsent sy aanplantings moet doen met 'n week of twee gerek aangesien kanola voor koring en gars aangeplant word, en sodoende kan die produsent sy toerusting doeltreffender aanwend.

### **Produksiepraktyke**

Kanola word vroeg in April aangeplant en sal, afhangende van die kultivars en gebied, ongeveer 80 tot 100 dae neem om te begin blom. Oestyd is middel Oktober tot einde November.

Die belangrikste stadium vir die produsent is net ná aanplanting wanneer hy op 'n gereelde basis sy kampe moet nagaan vir vreetskade aan jong saailinge.

Slakke en isopodas is gewoonlik hier die groot kwaaddoeners, maar met pro-aktiewe bestuur en optrede kan skade deur hierdie peste en plae voorkom word.

## **Mark en verwerking**

Tans is die maatskappy Southern Oil, in kort SOILL, die enigste aankoper van kanola in die Wes-Kaap en feitlik al die kanola word verwerk by die aanleg in Swellendam, met produkte wat bemark word onder die handelsnaam B-Well.

Kanola moet onder baie presiese omstandighede opgeberg word en tegnologie word by die silo's ingespan om die opberging onder die regte toestande te doen wat die beste eindproduk (olie) sal verseker vir die verbruiker.

Met die vinnige toename in oppervlakte onder kanola in spesifiek die Suid-Kaap, het SOILL in die Krige- en Klipdale-omgewing nuwe depots opgerig vir die hantering van slegs kanola. SSK (Sentraal-Suid Koöperasie) rig ook vanjaar 'n opbergingskompleks naby Heidelberg (WK) op spesifiek vir kanola.

## **Toekoms van kanola**

Die toekoms van kanola lyk werklik rooskleurig. Produsente maak al hoe meer gebruik van die gewas om hul wisselboustelsel te verbeter.

Die voorspelling is dat kanola in die Suid-Kaap oor die volgende paar jaar nog redelik gaan groei met die Swartland wat ook sterk kan groei.

'n Oppervlakte van 100 000 ha en selfs meer is nie meer vir die nabye toekoms te vergesog nie.

*Franco le Roux is die landboukundige hulpbronbestuurder van Southern Oil in Swellendam.*